

HILARIUS VAN POITIERS OOR DIE VERSOENING

C F A BORCHARDT

ABSTRACT

Hilary of Pontiers on the atonement

The development of Hilary's thought on the atonement is discussed by comparing his three main works, viz. *Commentary on Matthew*, *De Trinitate* and *Commentary on the Psalms*. His indebtedness to the Early Latin Fathers Tertullian and Cyprian is also pointed out. The so-called divinization of man in Hilary's works generally ascribed to the influence of Eastern theologians with whom he made contact during his period of exile in the East, may rather be seen as a spiritualisation of the body which is consistent with the ideas of other Latin writers.

In die vroeë Christelike belydenisse word daar baie min oor die versoening gesê. In die Niceens-Konstantinopelse belydenis word slegs gesê dat Christus ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel afgekom het, vlees geword het en mens geword het. Die eerste teoloog wat 'n sistematiese uiteensetting van die versoeningsleer gegee het, was Anselmus in die twaalfde eeu. Dit beteken nie dat die kerkvaders nie oor die versoening nagedink het nie. Intendeel, die evangelie is 'n blye boodskap van verlossing. Oor hierdie feit is almal dit eens maar hoe dit presies bewerk is en wat Christus se versoening beteken, is op verskillende maniere deur die kerkvaders beskrywe.¹⁾ Eweneens is dit so dat verskillende historici verskillende temas in die werke van die kerkvaders sien. Ons vind verskillende indelings in werke oor die versoening. Die mees algemene is die sogenaamde objektiewe en subjektiewe versoeningsleer.²⁾ Hiernaas het Aulen gemeen dat die eintlike versoeningsleer gaan om die goddelike stryd en oorwinning oor die bose magte, en dit noem hy die klassieke versoeningsleer.³⁾ Bogenoemde bewys maar net dat die historici ook subjektief is in die selektering van hulle stof en hoewel hulle 'n bepaalde kerkvader onder 'n bepaalde rubriek tuisgebring het, is daar dikwels ander uitsprake van dieselfde kerkvader wat weer 'n ander aspek van die versoening beklemtoon. Die een historikus behandel Hilarius van Poitiers onder die hoofstuk "Die verherrlikende Menschwerdung",⁴⁾ terwyl McDonald die gedagtes van die biskop van Poitiers behandel in sy hoofstuk wat handel oor "the requirement of reconciliation"⁵⁾ Albei is natuurlik reg want albei aspekte kom in die werke van Hilarius voor, maar hy beklemtoon ook baie ander aspekte rondom die versoeningswerk van Christus. Daar moet ook onthou word dat Hilarius nie 'n spesifieke werk

geskryf het oor die versoening nie – ons vind sy gedagtes daaroor in al sy werke.

Daar is wel geskryf oor die invloed wat Hilarius van die Oosterse teoloë ondergaan het tydens sy ballingskap aldaar.⁶⁾ In dié opsig was Hilarius die brug tussen die Ooste en die Weste en die een teoloog van die weste wat verstaan het wat teologies in die Ooste aangegaan het en daarom ook probeer het om die Oosterse denke aan die Weste bekend te stel. Heel gepas is hy deur iemand as die “Athanasius van die Weste” beskrywe.⁷⁾ Aan die ander kant is tereg ook aangetoon dat hy in sy denke veel te danke het aan sy Westerse Latynse voorgangers.⁸⁾ In hierdie studie wil ek probeer nagaan hoe sy denke ontwikkel het en daarom behandel ek sy verskillende werke in die volgorde waarin hulle geskryf is.

1. Sy *Matteuskommentaar*

Hierdie werk is voor sy ballingskap geskryf, dus voordat hy enige direkte beïnvloeding deur die Oosterse teoloë kon ondergaan.

1.1 Hilarius praat van die misterie (sacramentum) van die kruis wat Christus moes onderneem (17.9); vanaf die grondlegging van die wêreld is die misterie van ons verlossing in Christus geopenbaar (31.7). Ter wille van ons redding het Christus mens geword (16.9). Tertullianus het dit ook beklemtoon dat Christus na die wêreld gekom het om sondaars te red en vir hulle te sterf.⁹⁾

1.2 'n Gedagte wat 'n paar keer by Hilarius voorkom, is die noue verhouding tussen Christus en die mensdom. Deurdat Christus 'n liggaam aangeneem het, verkry ons deel aan Hom en vind daar 'n aaneensluiting van die hele menslike geslag plaas (4.12). Op 'n mistieke wyse is Christus dus die volmaakte verteenwoordiger van die mensheid.¹⁰⁾ Elders stel Hilarius dit so dat God na die mens gekom het, sodat die mens weer God kon word (*homo rursum fiet in Deum* – 5.15). Hierdie terminologie laat ons dadelik dink aan Athanasius wat êrens geskrywe het dat Christus mens geword het sodat ons God kon word.¹¹⁾ Navorsers is van mening dat Hilarius dus 'n eksponent is van die sogenaamde fisiese teorie van die versoening en skryf dit toe aan beïnvloeding deur Oosterse teoloë.¹²⁾ Burns het egter hierdie saak deeglik ondersoek en in die lig van onder andere die gedagte van uitruiling en mededeling tussen God en mens by Tertullianus, tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n kenmerk was van gedagtes wat vroeg reeds in die Weste voorgekom het. Hilarius het in hierdie opsig dus bloot net die Westerse tradisie voortgesit. Burns sien hierdie proses van die mens se neiging of ontwikkeling na God toe as 'n vergees-

teliking (*spiritualisation*) van die liggaam, eerder as 'n vergoddeliking.¹³⁾ By die verduideliking van die gelykenis van die verlore skaap, skryf Hilarius dat die verlorene terug gedra word in *Domine corpore* (18.6). Hier vind ons 'n aanduiding dat Christus die Bewerker van verlossing is en die doel van verlossing word ook aangedui as 'n inkorporasie binne die verheerlikte liggaam van Christus.¹⁴⁾ Vanweë ons inlywing in Hom, het Hy ons sondes gedra en al die smarte van ons swakhede het met sy liggaam en lyding gesterwe (31.10) en sy kinders "is begrawe in die prys van die bloed van Christus" (32.6).

1.3 Christus is ons versoening want God het in Hom die wêreld met Homself versoen (12.7; 31.3). Dit het Hy bewerk omdat Hy gely het vir die loskoping van die wêreld (*pro universorum redemptione* – 14.15). Hy alleen het gely vir almal (*pro omnibus*) en die sondes van almal vrygeskeld. Hy het almal losgekoop (14.16). Dieselfde gedagte vind ons ook 'n paar keer by Tertullianus.¹⁵⁾ Hy het sy lewe gegee om ons heil te koop (20.12). Hy het ons sondes gedra en ter wille van ons smart gely (31.10). Hy het aan die kruis alles volbring omdat Hy alle menslike gebreke en verdorwenheid weggeneem het (letterlik staan daar 'leeggedrink het' – 33.6). Die wêreld is met die prys van Christus gekoop (32.6). Christus word dus geteken as ons plaasvervanger wat vir ons gely en gesterf het. Hierdie gedagte kom ook telkens by sowel Tertullianus as Cyprianus voor.¹⁶⁾ As mens al die tekste nagaan dan meen ek dat gekonstateer kan word dat daar meer as net "a hint of the doctrine of substitution" by Cyprianus te bespeur is soos wat Kelly¹⁷⁾ gemeen het. Ook die term dat ons gekoop is met die prys van die bloed van Christus kom by Tertullianus en Cyprianus voor.¹⁸⁾

2. Sy De Trinitate

Die eerste deel van die werk is waarskynlik geskryf nog voordat hy in ballingskap na die Ooste vertrek het, en die res is tydens die ballingskap voltooi.

2.1 Hy maak weer melding daarvan dat God se plan van ons redding (*dispensationis mysterii*) verborge was van die begin van die wêreld af (I.29; I.30). Die geheimenis van die menslike redding is egter geopenbaar in die Seun (V.22).

2.2 Hy herhaal ook weer die tema van die noue verhouding tussen Christus en sy kinders. Christus is as 'n mens gebore, het die dood oorwin, die

poorte van die hel oopgebreek, vir Homself 'n volk as mede-erfgename verwerf en die vlees uit verderf tot ewige heerlikheid oorgebring (III.7). Dit was nie vir Hom nodig om mens te word nie, maar ons het behoefte daaraan gehad dat God vlees sou word en onder ons sou woon (II.25). In Hom is die hele mensheid geheilig deur die vereniging van God met die mensheid (II.24). Nadat Christus as mens gebore is en al die lyding van ons vlees ondergaan het, het Hy na God en ons Vader opgevaar sodat ons mensheid verheerlik kon word tot God (*in Deum* I.33). Hierdie gedagte, dat deur die menswording van Christus ons vlees tot God verhoog word, kom 'n paar keer by Hilarius voor (I.11 – *caro proficeret in Deum Verbum* – die vlees styg op na God die Woord; IX.4 – *ut Deus sit*; IX.38 – *ut Deus esset*). Burns het verskillende terme aangetoon wat Hilarius in sy *Matteuskommentaar* gebruik het om die gedagte van 'n voortgang van die liggaamlike toestand na die geestelike toestand uit te druk.¹⁹⁾ Ons word deur God in Christus saam opgewek deur sy dood (I.13) en alle vlees (*omnis caro*) word lewend gemaak in Christus (III.15). Soos hierbo aangetoon (par 1.2) lyk dit asof Hilarius hier die sogenaamde vergoddeliking van die mens leer, maar dit is in ooreenstemming met sy gedagte van die vergeesteliking van die mens.

2.3 Hilarius het uitvoerig oor Christus as Middelaar geskrywe. Christus self is daargestel as Middelaar tot redding van die kerk (IX.3) en is as mens gebore om die verlossing van die mensdom te bewerkstellig (V.18; III.16) en alles wat begin het met sy geboorte uit die maagd is in sy lyding volbring (III.16). Hy het gekom as die Verlosser van alle mense (II.31). Hilarius verwys ook na die plaasvervangende rol van Christus, naamlik dat Hy ter wille van die menslike geslag gebore is (II.24) en elders, dat Hy as plaasvervanger van die skepping opgetree het (VI.18). In hierdie konteks verwys dit na die rol wat Christus gespeel het in die verlossing van die mens deur in ons plek aan die geregtigheid van God te voldoen.²⁰⁾ Hilarius se treffende verklaring van die woorde in Romeine 8:31–2 dat God sy eie seun nie gespaar het nie, was dat God nie 'n aangenome seun gegee het vir die wat aangeneem moet word nie, nie 'n skepsel vir skepsels nie, maar sy eie Seun vir vreemdelinge, sy eie Seun vir diegene wat maar slegs sy kinders genoem mag word. So leer ons die grootheid van sy liefde teenoor ons ken (VI.45).

2.4 Die vrugte van sy middelaarswerk was dat Hy ons oortredinge kwytskeld het, die doodsvonnis uitgewis het, en deur die feit dat Hy aan die kruis vasgespyker is al die vervloekinge van ons aardse vervloeking verwyder het (I.13). Aangesien ons sonde vergewe is, is ons saam met Christus lewend gemaak (IX. 10). Hierdie gedagte dat ons deur Christus lewend

gemaak is, kom ook by Cyprianus voor.²¹⁾ Hilarius sê dat Christus die dood vernietig het en die verdorwenheid van die menslike vlees wegge- neem het deur die heerlijkheid van sy liggaam (IV.42). Christus het as God ons heil bewerk toe Hy gesterf het (IX.10). Hy het ons sondes gedra en is ter wille van ons ongeregthede gewond (X.47). Cyprianus het dit so gestel: Christus is verwond om ons wonde te genees.²²⁾ 'n Dergelike parallel vind ons ook wanneer Hilarius sê dat Hy, die onsterflike wat nie deur die dood oorwin kon word nie, gesterwe het sodat sterflikes die ewige lewe mag verkry (I.13).²³⁾ Elders sê hy dat deurdad Christus self vlees geword het, het Hy die ewige lewe teruggegee aan verganklike, liggaamlike en sterflike mense (III.13). Christus is gebore om ons in Hom op te neem,²⁴⁾ Hy het gely sodat ons onskuldig verklaar sou word en gesterwe sodat ons die wraak van God kon ontkom (IX.7).

In sy *De Trinitate* vind ons ongeveer dieselfde temas as in die *Matteus-kommentaar*. Die sogenaamde vergoddeliking van die mens in *De Trinitate* wat aan beïnvloeding wat hy in die Ooste ondergaan het, toegeskryf word, is 'n uitbreiding van die vergeesteliking van die mens wat reeds in sy vroeëre werk voorkom.

3. Sy *Psalmkommentaar*

3.1 Ons vind hier soos Kelly sê, “a milder version”²⁵⁾ van die gedagte van 'n transaksie met die duiwel wanneer Hilarius sê dat die duiwel homself veroordeel het toe hy die sondelose gewer van die lewe aan die dood wat die straf vir sonde is, onderwerp het (68.8).

3.2 Weer eens vind ons die temas van die misterie van verlossing en die noue verband tussen Christus en sy kinders hier. Die Eniggebore Seun van God is gebore vir die sakrament van menslike verlossing (139.2; 54.13). Ons het behoefte aan 'n geneesheer gehad en slegs deur die aan- neming van ons vlees, is ons siekte weggeneem en is ons redding geheel en al in God (13.4). Die gelowige se verbintenis met God druk hy so uit, naamlik dat hy as't ware deel het aan die vlees van God (*tamquam consors dominicae carnis* – 51.16). Hy is die Goeie Herder en ons is sy skape vir wie Hy sy lewe gegee het (2.35).

3.3 'n Nuwe tema is die vrywillige karakter van die werk van Christus. Hy het Homself vrywillig aan die Vader geoffer om die vloek op ons weg te neem (53.13). Hy is nie weens 'n natuurlike noodsaaklikheid aan lyding onderworpe nie, maar uit vrye wil het Hy lyding ondergaan sonder dat Hy gedwing is; Hy het dit vrywillig opgeneem (*non ex naturae necessitate ... voluisse ... voluntarie* – 53.12).

3.4 Hilarius verwys ook telkens na Christus se plaasvervangingsrol. Christus het nie gesondig nie maar ons sondes op Hom geneem; Hy was nie swak nie, maar het ons swakhede gedra (138.3). Hy wat nie 'n skuldenaar aan die dood en die sonde was nie, is as skuldenaar gereken (68.7). Vir ons het Hy gely, gesterf en weer opgestaan en alhoewel Hy God is, het Hy al hierdie dinge vir die versterking van ons heil opgeneem (67.21). Die straf vir dwaashede en vergrype wat Hy nie gepleeg het nie, het Hy betaal (68.8). Hy het ons swakhede op Hom geneem (68.9) en die Here wat ons sondes op Hom geneem het, is getref en het vir ons smarte gely (68.23).

3.5 Die gevolge hiervan is dat die gelowige weet dat sy oortredinge en skulde deur Christus versoen is (64.4). Alle vlees is in Christus vrygekoop (68.8) en Hy het ons deur sy bloed, deur sy lyding, sy dood en sy opstanding losgekoop (135.15). Die lyding van die Here is ook beskrywe as 'n loskoping deur die Boom van die Lewe (*per redemptionem ligni vitae* – 1.18). Hierdie gedagte dat 'n boom die dood meegebring het in die paradys maar ook lewe veroorsaak het aan die kruis, vind ons ook in die geskrifte van Irenaeus en Tertullianus.²⁶⁾ In Hilarius se uitleg van Psalm 54 beklemtoon hy dat Christus vrywillig gely het, dat Hy voldoen het aan 'n taak wat straf meegebring het (*officio ipsa poenali satisfactura* – 53.12). Hierdie woorde word verskillend vertolk want terwyl Riviêre meen dat hier hoegenaamd nie na enige satisfaksie verwys word wat deur Christus gebring word nie,²⁷⁾ meen ander historici dat die term satisfaksie vir die eerste keer hier vir die sterwe van Christus gebruik word.²⁸⁾ Myns insiens moet ons nie hier dink aan satisfaksie soos dit later deur Anselmus gebruik is nie. Hilarius wou net sê dat Christus aan die straf wat die mens moes gely het, voldoen het. 'n Verdere gevolg van die dood van Christus volgens Hilarius, is dat Hy alles gely het vir die mens se heil (54.6) en deur die kruis op te neem, het Hy verlossing aan die mensdom geskenk (54.13). Deur die gawe van sy heilige en volmaakte offerande was dit 'n volledige verlossing vir die menslike geslag (53.13). Daarom is ons deur sy bloed versoen met God, dit wil sê Hy het die sondes van die wêreld weggeneem en het ons van ons sondes vrygekoop en versoen (129.9). Deur die liggaam en bloed van Christus is ons herstel van vyande tot kinders van God (149.3). Deur sy opstanding uit die dood is genesing aan ons teruggegee (68.23). Hierdie gedagte herinner aan 'n dergelike uitdrukking by Cyprianus naamlik dat die Here met sy koms na die wêreld die wonde van Adam genees het.²⁹⁾ Die tweede Adam, sê Hilarius, het die mens teruggeroep na die ewige lewe wat sonder ewige straf is (68.23). Ons sluit af met die woorde van Hilarius dat ons heil deur die barmhartigheid van God is en dat die gawe van sy goedhartigheid in ons is (118.2).

4. Ten besluite lyk dit asof die grondgedagtes van Hilarius oor die versoening reeds in sy *Matteuskommentaar* voorkom. In sy latere werke het hy hierop voortgebou en 'n nuwe gedagte was dat Christus vrywillig vir ons gesterf het. Uit parallelle wat in die werke van Tertullianus en Cyprianus voorkom, is dit duidelik dat daar baie gedagtes was wat algemeen in omloop was. Dit is verder ook duidelik dat Hilarius nie soveel deur die Oosterse teoloë beïnvloed is as wat soms aanvaar word nie.

Samevattend leer Hilarius dat God die verlossing van die mens voor die grondlegging van die wêreld beplan het. Verder wys hy ook op die noue verhouding tussen Christus en sy kinders wat in Hom ingelyf is en steeds in beweging is na God toe. Christus het vrywillig en plaasvervangend alles gedoen wat die mens nie kon doen nie. Die vrug van dit alles is dat Hy volkome vir ons voldoening bewerk het, ons genesing bewerkstellig het en ons saam met Hom lewend gemaak het.

NOTAS

Die teksuitgawes wat gebruik is, is die volgende:

Hilaire de Poitiers, *Sur Matthieu*, J Doignon (ed), Paris (Sources Chretiennes no 254-1978; no 258-1979).

Sancti Hilarii Pictaviensis episcopi, *De Trinitate*, P Smulders (ed), Turnholt (Corpus Christianorum no 62-1979; no 62A-1980).

S Hilarii episcopi Pictaviensis, *Tractatus super Psalmos*, A Zingerle (ed), Vindobonae (CSEL No 22 — 1891).

1. J Pelikan, *The Christian Tradition, vol 1. The emergence of the Catholic tradition (100-600)*, Chicago and London 1971, 141.
2. H D McDonald. *The Atonement of the Death of Christ*, Grand Rapids 1985, 9.
3. G Aulen, *Christus Victor*, London 1975, 2-4.
4. B Studer & B Daley, *Soteriologie*, M Schmaus et al. (eds), *Handbuch der Dogmengeschichte*, Bd. III 2a, Freiburg/Basel/Wien 1978, 130-135.
5. McDonald, *aw*, 156-157.
6. P Löffler, "Die Trinitätslehre des Bischofs Hilarius von Poitiers zwischen Ost und West" *Zeitschrift für Kirchengeschichte*, vol 71 (1960), 30.
7. K Hase, *Kirchengeschichte*, Leipzig ²1836, 137.
8. P T Wild, *The divinization of man according to Saint Hilary of Poitiers*, Mundelein 1950, 21-22 n. 87; J Doignon, *Hilaire de Poitiers avant l'exil*, Paris 1971, *passim*; P C Burns, *The Christology in Hilary of Poitiers' Commentary on Matthew*, Roma 1981, 44, 101, 121.
9. Tertullianus, *De pud.* 18.16; 22.4; *De patientia* 3.9; *De carne Christi* 6. Vgl ook Cyprianus, *Ad Demetrianum* 16.
10. J Rivière, *Le dogme de la rédemption*, Paris 1905, 226-227.
11. Athanasius, *De incarnatione*, 54.
12. J N D Kelly, *Early Christian doctrines*, London 5th rev. ed. 1977, 386.
13. Burns, *aw*, 97-112.
14. Burns, *aw*, 116. Dit is interessant dat Cyprianus daarop wys dat gebed nie net vir die mens self is nie maar vir almal omdat Christus ons almal in Hom gedra het - *De Dom. orat* 8; vgl ook *Ep.* 63, 13 - nos omnes portabat Christus.

15. Tertullianus beskrywe Hom ook as 'n offer vir alle nasies – *Adv. Judaeos* 13.21 pro omnibus gentibus; *Adv. Marc.* 3.7 pro omnibus nobis; *De pud.* 22 pro peccatoribus obiret.
16. Tertullianus, *De cultu fem.* 1.1; *De pudicitia* 18; 22. Cyprianus, *Ep.* 58.6 passus est ille pro nobis; 58.13; 63.13; *De bono pat.* 6; *De lapsis* 17; *De Dom. orat.* 8; 14; *Ad Fort.* 5 ille passus sit pro alienis peccatis.
17. Kelly, *aw*, 178.
18. Tertullianus, *Ad uxorem* 2.3; *De pudicitia* 6.18; *De fuga in pers.* 12. Cyprianus, *De Dom. orat.* 30; *De op. et eleem.* 2; *Ad Demetr.* 26; *Ep.* 55.22.
19. Burns, *aw*, 123.
20. S McKenna, *Saint Hilary of Poitiers. The Trinity*, New York 1954, 186 n. 12; R J Kinavey, *The vocabulary of St Hilary of Poitiers*, Washington 1935, 262.
21. Cyprianus, *Ad Fort.* 3; *De bono patientiae* 8.
22. Cyprianus, *De op. et eleem.* 1 vulneratus est ut vulnera nostra curaret.
23. Vgl Cyprianus, *De op. et eleem.* 1 mori sustinuit ut immortalitatem mortalibus exhiberet.
24. In die lig van Hilarius se beskouing oor ons inkorporasie in Christus soos reeds in sy Matteuskommentaar aangedui, lyk dit vir my die gedagte hier, en dat dit nie net 'n aan-neming is nie.
25. Kelly, *aw*, 387.
26. Irenaeus, *Adv. haer.* V 16.3; Tertullianus, *Adv. Judaeos* 13.19 – a ligno Christo, id est passionis eius ... ut quod perierat olim per lignum in adam, id restitueretur per lignum Christi.
27. Rivière, *aw*, 230.
28. H E W Turner, *Jesus le Saveur*, Paris 1965, 103 n. 8; Pelikan, *aw*, 147.
29. Cyprianus, *De op. et eleem.* 1 – vulneratus est ut vulnera nostra curaret ... cum Dominus adveniens sanasset ilia quae Adam portaverat vulnera.